Publication: Sake (Rapport)
Date: 28 Aug 2016
Page: 4

# ’n Korrupte regering vorder minder taks in

**Nico van Gijsen**

Hoe meer korrup ’n regering, hoe minder belasting sal belastingbetalers betaal - ’n resep vir ’n mislukte staat.

Regter Bernard Ngoepe, belastingombudsman, het dié waarskuwing gerig op die jaarlikse konferensie van die Fidusiêre Instituut van Suid-Afrika (Fisa). Hy het gepraat oor die etiese gedrag van belastingbetaler en belastinggaarder.

Dit is van kritieke belang vir die skep en ondersteuning van goeie etiek met die betaling van belasting dat daar sekerheid is oor die korrekte aanwending van belastinggeld, sê hy. “Veral dat dit tot voordeel van almal gebruik word.”

Die korrupte gebruik van openbare geld of die onbehoorlike aanwending daarvan verminder die skuldgevoel by belastingontduikers en gee hulle die verskoning om nie belasting te betaal nie.

Hoewel Suid-Afrika nie in ’n belastingkrisis is nie, sê hy, kan ’n krisis ontstaan as daar genoeg klein gebeurtenisse is wat ’n kollektiewe geheel vorm.

Die meeste mense aanvaar hulle moet belasting betaal, maar uitdagings kan ontstaan met hul bereidheid om te betaal wat hulle werklik verskuldig is.

Ngoepe sê die krag van goeie etiek is een van die bronne vir ’n positiewe houding by belastingbetalers. En ’n integrerende deel van etiek is eerlikheid en ’n sin vir siviele plig.

Volgens verslae is daar reeds ’n gebrek aan eerlikheid - nie net by individuele belastingbetalers nie, maar ook by multinasionale korporasies in Afrika.

’n Etiese benadering van amptenare is een van die belangrike maatreëls teen die misbruik van mag. Ongelukkig wantrou baie belastingbetalers sommige belastingamptenare en ervaar hulle as korrup, kwaadwillig en selfs venynig.

■ *Van Gijsen is ’n lid van Fisa.*

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission